



# VERWOND TOT VERWONDERING

## DIE SEWE OPSTANDINGSWOORDE VAN JESUS

### **Johannes 20:19-21**

#### **‘n Belangrike merker in die teks**

Joh 20:19 word in die 1983-vertaling vertaal met *Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar...*

2020-vertaling: *Dit was al laat die aand op daardie eerste dag van die week...* met ‘n voetnota wat ons na die Grieks toe neem waar daar letterlik staan

*Op die eerste van die Sabatte...*

Almal weet dat die Joodse Sabbat op ‘n Vrydagaand na sonder begin wat deurloop na die Saterdag. Johannes skryf natuurlik hierdie evangelie bykans 30 jaar na hierdie gebeure. As hy hierop terugkyk, is dít sy getuienis dat hierdie Sondag die eerste van alle Sabatte word, as’t ware die belangrikste dag van die week: Christus het opgestaan en sy opstanding lei ‘n nuwe seisoen in. Dit word die dag van samekoms en viering!

#### **Vreesbevange dissipels**

Op daardie Sondagaand kry ons die dissipels iewers agter slot en grendel waar hulle klaarblyklik uit vrees wegkruip vir die Jode, en dit ten spyte van Maria Magdalena se getuienis dat Jesus aan haar verskyn het. Die volgende oomblik verskyn Hy in hulle midde. Hoe het Hy

ingekom? Alles was toe, die deure was gesluit. Is dit ‘n spook? Is hulle so vreesbevange dat hulle hulle nou goed begin verbeel?

Dan besweer Jesus alles as Hy hulle met die ou bekende woorde groet en hulle herinner waarvoor Hy eintlik gekom het: *Vrede vir julle*. Wat opvallend is van die opstanding narratief, is dat nie met een van sy verskynings daar ‘n sweempie wrok teenoor hulle is wat hom gekruisig het nie. Met hierdie sagte groet is daar duidelik ook geen verwyte teenoor die dissipels wat Hom in die steek gelaat het – verraai, verloën of wat weggehardloop en nou wegkruip nie. Jesus beliggaam dit wat Hy sê, wat Hy bring.

Dan wys Jesus sy hande en sy sy vir hulle. Die een wat hulle groet: *Vrede vir julle*, dra steeds die wonde van die kruisiging. En dit lyk nogal na ‘n belangrike opmerking: *Die Opgestane Christus is nooit sonder wonde nie*. Een van die tekens van ‘n outentieke ontmoeting met die Opgestane Christus, is dat Hy altyd na ons toe kom as draer van wonde – syne en ons s’n.

## **Vrede vir julle**

Vrede het deur die eeue verword na iets soos 'n wapenstilstand, of dat daar nie oorloë is, of ten minste nie grootskaalse oorloë is nie. Die gevolge van oorloë in die laaste 100 jaar is verregaande. As vrede beteken dat daar nie oorloë is nie, dink ek sal die meeste van ons daarvoor instem. Die Hebreeuse vrede, *shalom* waarvan ons lees in die Ou Testament beteken egter iets heeltemal anders: dit beteken *volheid, om alles te hê wat jy nodig het*, dit beteken *om heelhartig jou gelukkige self te wees*.

Een van die titels wat aan Jesus gegee word, is Vredevors. Dis hoe Hy sy bediening begin: *Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word*. Maar Hy gebruik dan die woord *vrede* op so 'n manier dat dit soms teenstrydig klink. Op een plek sê Hy vir sy dissipels: *Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie; Ek het die swaard gebring* (Mat 10:34). Later, die laaste keer wanneer Hy saam met sy dissipels eet sê Hy vir hulle: *Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Maar die vrede wat Ek gee is nie die vrede van die wêreld nie...* (Joh 14:27). Die teenstrydigheid in Jesus se aanbieding van vrede word opgelos in die besef dat vir Jesus vrede nie die afwesigheid van ons moeilikhede en uitdagings beteken nie, maar eerder die teenwoordigheid van liefde.

*For Jesus peace is not the absence of struggle, but the presence of love.*

Frederick Buechner

## **Hoe word ons vredemakers?**

Deur die eeue was oorlog 'n manier om kontrole, beheer te soek en uit te oefen. Die *Pax Romana* wat die Romeinse sogenaamde 200 jaar van hoogbloei en *vrede* ingelei het, het ironies gepaard gegaan met baie oorloë en geweld. Richard Rohr vra die vraag: *Hoe word ons vredemakers?* Dan kom sy antwoord: *Deur vrede te word, deur in voeling te kom met die bron van vrede binne ons*. Wanneer dít gebeur, ons by die Bron uitkom, word ons nie meer deur vrees beheer nie, maar stel liefde ons in staat om nie-gewelddadige teenstand te bied deur op te staan vir ongeregtigheid. Dit beteken dat ons vaardighede van nie-gewelddadige kommunikasie sal moet aanleer: *EK-boodskappe ipv JY-boodskappe, empatie, luistervaardighede, die vaardighede van konflik hantering, "to respond rather than to react"*.

*Jesus blaas sy asem uit oor die dissipels...* Ons het nodig om tot stilstand te kom, bewustelik terug te kom na ons asemhaling as anker, wat ons sal help om in die oomblik te wees met 'n rustigheid wat vrede beliggaam.

## Vir Kleingroepe:

### Ons ontmoet mekaar

- Soos julle in 'n kring sit, maak julle oë toe. Sit gemaklik met jou voete op die grond. Raak bewus van jou asemhaling. Na 'n tyd van stilte en doelbewuste fokus op jou asemhaling, land ons in die groep deur een van 3 sinsnedes te bid: *Ek is hier.., U is hier.., Ons is hier...* Wanneer dit stil raak kan julle julle oë oopmaak en maar groet: *Vrede vir jou.*

### Ons ontmoet God

- Steek 'n opstandingskers aan en laat iemand 'n gebed doen.
- Lees Johannes 20:19-21 hardop.
- Laat elke persoon deel wat hulle opval in die gedeelte.
- Ons fokus die week op Jesus se woorde in vers 19 "*Vrede vir julle*".

### Ons deel met mekaar

- Die opstanding van Jesus lei 'n nuwe seisoen in die godsdienstkultus van daardie dag in. Die Sondag raak die *eerste van die Sabbatte*. Deel met mekaar watter nuwe dinge in jou lewe gebeur en hoe die Opstanding daarmee verband hou.
- Dink saam na oor Frederick Buechner se aanhaling en deel met mekaar wat vrede vir jou beteken: *For Jesus peace is not the absence of struggle, but the presence of love.*
- Laat iemand die gebed van Francis van Assisi, *Maak my 'n instrument van U vrede*, hardop lees en gesels met mekaar hoe jy jou gaan commit om 'n vredemaker te wees:

Here, maak my 'n instrument van u vrede.  
Waar daar haat is, laat my liefde bring.  
Waar daar oortredings is, vergifnis,  
waar daar twyfel is, geloof,  
waar daar wanhoop is, hoop.  
waar daar duisternis is, lig,  
waar daar droefheid is, vreugde.  
O, Heilige Meester, gee dat ek,  
in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;  
om begrip te soek, andere sal verstaan;  
om liefde te soek, andere sal bemin.  
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;  
deur te vergewe, dat ek vergewe word.  
En dit is deur te strewe, dat ek die ewige lewe beërwe.

### Ons bid saam

- Bid 2/2 vir mekaar – vra wat die ander persoon nodig het vir die week.